Saaityd!

Gal 6:7&10 Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. 10 Solank ons die **geleentheid** het, moet ons dus aan almal **goed doen**, ...

As daar al ooit 'n tyd was vir saai, is dit juis nou! Nog nooit vantevore was daar soveel kwesbare mense tussen ons nie en nog nooit vantevore het ons so 'n unieke **geleentheid** om te saai nie. Ons het ons eie kwesbaarheid leer ken in 2020. Laat ons God se wil doen en saai om tot seën vir ander te wees.

Vanaf **15 November tot 6 Desember** is dit **SAAITYD** in La Rochelle! Ons gaan by die onderstaande instansies betrokke raak. Ons wil jou dus vra om by te dra soos wat die Here jou lei. Inkopiesakkies met behoeftelyste is by die kerkkantoor en eredienste beskikbaar. Die items kan by die kerkkantoor of erediens afgegee word.

1. **ALTA DU TOIT-NASORGSENTRUM**

   Die Alta du Toit-nasorgsentrum bied 'n ondersteunende en verrykende omgewing waar persone met leer en fisiese gestremdhede se potensiaal optimaal ontwikkel word.
   Wenslysie vir Kersfees ± 150: pakkie koekies, klein pakkie skyfies, kits-cappucino-sakkies (Hugg-in-a-Mugg).

2. **LUCKY LUCY FOUNDATION**

   Die Lucky Lucy Foundation is 'n nie-winsgewende, "pro life, pro quality of life" dierewelsynorganisasie wat daagliks veg teen oorbevolking, mishandeling en verwaarlosing van diere – veral honde en katte.
   Hulle is geleë op 'n plaas naby Malmesbury waar hulle tans omsien na 168 honde en 305 katte. Hulle reik ook gereeld uit na troeteldiere op die plase in die omgewing en verskaf mediese hulp aan diere wie se eienaars nie toegang het tot veeartse nie.
   Behoeftelys:
   Honde: droë kos (Montego, Vitagen, Bob Martin, Complete), blikkieskos groot metaalkosbakke, halsbande en leibande vir medium tot groot honde F10 hondesjampoe, Frontline sproei vir vlooie en bosluise, sagte komberse
   Katte: droë kos (Friskies, Whiskas, Hill's, Montego, Royal Canin), blikkies/sakkies (enige soort), katsand, sandbakke, Frontline sproei vir vlooie en bosluise, sagte kombersies

3. BEDERF 'n OUPA EN OUMA

As hoë-risikogroep, wat baie tyd van vriende en familie moes inboet gedurende die inperking, verdien hulle om bietjie bederf te word!
Wenslysie vir kersfees: sjokolade, koekies, waslap, lekkerruiksepie

4. STIKLAND SAAL 6 & 7

Saal 6 en 7 is sale by Stikland Hospitaal waarin slegs dames gehuisves word. Die pasiënte het almal versorging nodig as gevolg van hul onderskeie geestestoestande. Pasiënte bly tussen 6 weke en 'n paar maande in die saal, maar die sale is altyd vol aangesien daar waglyste is om opgeneem te word. Pasiënte kom meestal uit laer inkomste groepe en daarom sal enige hulp baie waardeer word.
Behoeftelys ± 65 pasiënte: lekkergoed, skyfies, lyfroom, lyfsproei.

5. HUIS MILES BOWKER

Stikland Hospitaal se Huis Miles Bowker bied tans 'n veilige vesting vir 62 pasiënte (26 dames + 36 mans). Hierdie inwoners word gehuisves in kamers vir 10 – 12 persone. Daar is ook 'n dames-siekeboeg wat tans 8 bedlêende dames het en 'n mans siekeboeg waar daar tans 10 mans in is. Die jongste inwoner by Huis Miles Bowker is ±45 jaar oud en die oudste tans 82. Hulle het voltydse toesig nodig. Die inwoners van Huis Miles Bowker lei almal aan 'n geestesgesondheidsafwyking. Die personeel en vrywilligers poog om ten alle tye die pasiënte se menswaardigheid en lewensstandaard te verbeter. Ons gemeente se jaarlikse uitreik maak 'n groot verskil in die lewens van hierdie mense wat somtyds werklik niks meer besit as die klere wat hul aan het nie.
Behoeftelys: seep, sjampoe, tandepasta, tandeborsels, waslappies, sagte skyfies, koekies. DRINGEND benodig nagklere vir mans (somer of winter).

6. VGK DELFT

Ons gemeente is al vir jare betrokke by VGK Delft gemeente. Daar is tans ongeveer 50 gesinne in die gemeente met groot behoeftes aan kos as gevolg van werkloosheid en armoede.
Behoeftelys (klein hoeveelhede van): suiker, koffie, tee, pasta, koekmeel, sonneblomolie, rys, blikkies tamatievis, blikkies boeliebief, boksie melk, margarien, sopmengsel, lensies.

BAIE DANKIE DAT JY SAL SAAI!